DEEL 117 | WEEK 36 | 5 SEPTEMBER 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# LENTEGEURE HET ’N VROT KLANKIE

## *Langdam gaan ’n riooldam word*



*Op die foto: Joseph Dlomo staan by die draadheining wat hy moes span om riool uit sy weidingskamp te hou; regs op die foto is die groen strook waar riool vanaf Langmarkstraat in die spruit afloop.*

Die riool wat meestal afkomstig is van die Vegkop-woongebied in Heilbron vloei permanent uit rioolputte langs Langmarkstraat en loop van daar in die plaaslike spruit, wat uiteindelik in die Langdam beland. Hierdie probleem is reeds in die verlede deur AfriForum en die Vryheidsfront Plus uitgelig, maar volgens inwoners en grondeienaars het die munisipaliteit nog geen daadwerklike stappe geneem om dit te keer nie. Die aanhoudende rioolvloei besoedel nie net die spruit nie, maar verander die Langdam stadig maar seker in ’n riooldam.

Joseph Dlomo, ’n plaaslike veeboer wat die kamp langs die spruit gebruik vir sy beeste, moes selfs ’n draad span om sy beeste uit die besoedelde water te hou. Hy sê: “Ek is regtig bekommerd dat my vee gaan siek word van die riool wat hier opdamp.”

Ook inwoners van Huis Bron-van-Heil kla oor die stank. Hulle sê dat wanneer die wind uit die weste waai, die rioolgeur só ondraaglik raak dat dit die daaglikse lewe vir personeel en bewoners versuur.

Daar is verdere kommer dat die nuwe uitbreiding aan die oostekant van die dam die situasie nog meer gaan vererger. Volgens inwoners is die bestaande rioolaanleg reeds oorlaai, en nuwe aansluitings sal onvermydelik tot meer besoedeling lei.

Gemeenskapslede dring daarop aan dat ’n wetenskaplike toets van die waterkwaliteit, spesifiek die E. coli-telling, dringend gedoen word om die omvang van die besoedeling vas te stel.

Gemeenskapslede beskou die saak as kritiek dringend en eis dat die munisipaliteit onmiddellik optree. Indien nie, waarsku hulle, sal die Langdam in praktyk niks meer wees as ’n rioolreservoir nie.







# Bek en Klouseer voorvalle

Die eerste uitbreking van die siekte in Vrystaat was in Julie 2025 gerapporteer, met 270 onopgeloste voorvalle verder in Kwa Zulu-Natal, Noord-Wes, Mpumalanga en Gauteng aangemeld.

Tot dusver is 550 000 dosisse van die entstof, wat vanuit Botswana verkry is, alreeds versprei. Volgens die Vrystaatse Departement: Landbou, is entstowwe reeds aan plase voorsien waar diere gediagnoseer is met die siekte. Hulle is egter bekommerd dat nie alle gevalle aangemeld word nie.

Van belang tot die Heilbron gemeenskap, is voorvalle in Kroonstad, Viljoenskroon, Deneysville en die Frankfort gebied aangemeld, met nog geen verdere uitbrekings in die Heilbron gebied gewaar nie.

Bek en klouseer is hoogs aansteeklik. Boere en inwoners word aangeraai om vir die volgende simptome in diere te kyk en so spoedig moontlik te rapporteer aan die plaaslike staatsveearts 060 581 9227.


- Koors • Oortollige speekselafskeiding • Verlies aan eetlus
- Lamheid • Ontwikkeling van blase op bek, tong, tandvleis en hoewe/pote - sowel as spene op koeie.



# Vreemde Lente vee verskynsel

Terwyl almal na die eerste September se warmer dae en lentebloeisels uitsien, word Gerrie Roos, ‘n plaaslike boer op die plaas Dewdrop in die Heilbron-distrik, gegroet deur ‘n twee-koppige kalf. Die kalfie was egter dood gebore, maar die koei is nog gesond.

Gerrie is al dekades in die vleisbeesbedryf en het nog nie so geval teegekom nie, maar noem wel dat die verskynsel ‘n frats voorval is wat maklik kan gebeur.



# Uit die Pen:

## Week 36

Ons wil almal altyd reg wees. Die ander dag op Magda Louw, die kyknet reeks, praat hulle oor die liedjie: “Sweef soos ’n arend” en Magda sê dis Laurika wat dit sing. Haar man sê dis Mynie. Sy stry, hy stry.

Magda gryp haar selfoon en vra vir dr Google wat hy dink? Toe sy die antwoord op haar skerm sien, wil sy nie meer oor die saak praat nie, want sy het agtergekom dat sy verkeerd is.

Ek word baie keer so gevang. Wanneer ek baie seker is van ’n saak, en dan tot die dood toe stry dat ek reg is. En dan moet ek ongelukkig op wit en swart sien dat ek verkeerd was. Maar daar is ook baie geleenthede waar ek reg was, en reg bewys word.

Die maatskappy waarvoor ek werk, het twee siklusse waarin 16 – 18 jariges (daar is wel diegene wat baie ouer is as 18 jaar), kan eksamen skryf. Gedurende hierdie tyd stig ons eksamensentrums oor die land, en probeer elkeen akkommodeer. Maar jy kan vir jouself dink dat dit ’n onbegonne taak sou wees om aan elke geit en gier van ’n leerder te voldoen. Om nie van hulle ouers te praat nie. Daar kan ongelukkig nie op elke dorp ’n eksamensentrum gestig word nie.

Teen die middel van die jaar kan die leerders kies in watter eksamenlokaal hulle graag wil eksamen skryf. Hulle het gewoonlik drie keuses. Hulle moet dan self bepaal hoe ver elkeen van die dorpe of woonbuurte van hulle af is om die regte keuse uit te oefen.

Helaas.

Sommige kies drie lukrake eksamensentrums. Ander kies niks.

Ons gebruik die data van die eksamensentrums om die aantal vraestelle en skrifte per vak per vraestel per leerder na die eksamensentrum te stuur.

Uit die “fabriek”, soos ek die drukkers noem, word die vraestelle en skrifte gedruk en dadelik in hulle sakke verpak. Elke vak en elke vraestel (vraestel 1, vraestel 2 en vraestel 3) word apart in ’n sak verseël. Elke sak het sy eie strepieskode en besonderhede.

Elke sak het ook ’n bywoningsregister by. Die leerders se name verskyn op die register, so ook hulle eksamennommer. Die leerders moet elke keer wanneer hulle opdaag vir ’n eksamen, die register teken. Wanneer hulle klaar is met die eksamen en die lokaal wil verlaat, moet hulle weer teken. By hulle naam, nie by iemand anders s’n nie. (Jy sal nie glo hoeveel leerders ewe skielik nie hulle eie name kan herken nie.)

Daar is natuurlik ’n sperdatum gekoppel aan die registrasie van die leerders en die kies van eksamenlokale. Wat hopenlik op almal van toepassing is. Of so het ek gedink.

Die eksamen begin amptelik op 13 Oktober. Teen daardie tyd moet elke eksamenlokaal alreeds ten minste een week se vraestelle ontvang het, so ook antwoordstelle wat reeds die leerders se name op het. Die registers moet klaar wees, so ook die uitleg van die eksamenlokaal.

Al die ander dokumente moet ook gereed wees vir inspeksie. Al wat leef en beef moet kom monitor en inspeksie hou.

Gister bel iemand. Hulle eksamensentrum is 300 km van die huis af.

“Ja, en?”

Hulle wil nou skuif.

“Maar hoekom?”

Want hy het besluit dat hy nou by sy sussie gaan bly gedurende die eksamen.

“Maar jy het dan jou eie eksamensentrum gekies?”

Ja, hy het. Maar hy het nie geweet daar is ’n sperdatum nie.

“O, is jy nooit laat weet nie?”

Nee, nooit nie.

“Ek laat iemand terugkyk op die kommunikasie. Ja, hier is dit: daar is op drie verskillende geleenthede vir jou e-posse gestuur.”

Maar hy het dit nooit ontvang nie.

“Aan my kant sien ek dat dit afgelewer is, en dat jy vir my ’n kennisgewing gestuur het dat jy dit ontvang het. Onthou jy wat is ’n read receipt?”

Tjoepstil.

Uiteindelik ’n stem aan die ander kant: Kan hy van eksamensentrum verander?

“Nee, jy kan nie.”

Hoekom nie? Een verandering gaan julle nie doodmaak nie.

“Ja, dalk gaan dit niemand doodmaak nie. Hier is die realiteit: elkeen van die sakke met die spesifieke eksamenvraestelle moet oopgemaak word, ’n nuwe sak moet gebruik word met ’n splintenuwe plakker op wat al die details van die eksamensentrum bevat. Dan moet die skrif weereens gedruk word, hierdie keer met die nuwe eksamensentrum se nommer op. Die sak waarin die skrifte vervoer word, moet ook weer oopgemaak word, ’n nuwe sak moet gebruik word en die nuwe skrif by die oues ingeplaas word en weer geseël word. Dan moet die bywoningsregister weer gedruk word en al die oorspronklike bywoningsregisters moet verwyder word en die nuwes ingeplaas word. ’n Nuwe strepieskode vir die vraestelsak en die skriftesak en die bywoningsregister moet gebruik word. Nee, ons sal nie doodgaan nie. Dit gaan net so voel.”

Ons ontneem hom van sy grondwetlike reg om eksamen te skryf.

“Grondwetlik, sê jy. Skool is verpligtend tot in die jaar waarin jy in graad 9 is of 15 jaar oud word. Daarna is dit jou keuse. Ek weet nie of ek saamstem nie.”

Ons is net daar om geld te maak.

(Wel, ons kan nie hierdie diens verniet lewer nie.)

Julle sien my nooit weer nie!

(Ook nie by die eksamensentrum nie?)

Ek skryf bogenoemde in hakies, want ek het dit nie regtig gesê nie. Ek het dit in my kop gesê.

Ek wens vandag, en ek praat van myself ook, dat elkeen sal agterkom dat hulle nie altyd reg is nie. As jy getroud is moet jy besluit of jy altyd wil reg wees of altyd gelukkig wil wees. Dis nogal ’n groot besluit.

“Sweef soos ’n Arend” is toe regtig deur Mynie Grovè gesing.

# The Brew Brothers Coffee Shop at Iceberg Truck Stop



## *Grand Opening 1 September 2025*

Lentedag op Heilbron skop af met nog opwindende nuus vanuit ons oorde na die opening van die nuwe VKB tak, waar die eienaars van IceBerg Truck Stop, Leonard en Thabo Strydom Heilbron bederf met nog 'n byvoeging tot die alreeds indrukwekkende besigheidskompleks net buite die dorp.

Met ons aankoms by The Brew Brothers koffiewinkel, was ons vriendelik verwelkom deur Surene Strydom eggenoot van Leonard, waar sy ons 'n komplimentere verversing aanbied voor sy ons aan Leonard voorstel vir die onderhoud.



*Op die foto links: Voorheen Stop Inn gebou wat gesloop is. Foto bo: Nuwe VKB kompleks en IceBerg Truck Stop.*


The Brew Brothers kom voor soos 'n Stellenbosch koffiewinkel, met die uitsondering dat hulle vir die hele gesin 'n nuwe kuier ervaring kan bied terwyl die familiemotor langsaan gewas word by die *carwash*.

Daar is vir elkeen iets te geniet: van yskoue Iceberg Weiss bier in sulke lang glas stewels, L&T lager draughts of selfs 'n L&T gegeurde Gin; tot iets warmer en soets te eet in die netjiese binnehof met speelarea vir die kinders.

Ongeveer 8 jaar gelede was die Ice Berg Truck stop egter net 'n droom toe die Strydom broers, Leonard en Thabo, nog hoofsaaklik besig was met L&T Boerdery. In 2023 vier hulle die amptelike opening van die IceBerg Truck stop, waarna hulle uitbrei om nie net diesel, maar ook petrol verkope aan die publiek te bied. Dit was egter net 'n kwessie van tyd voor hulle 'n *carwash* en bykomende restaurant sou open om daai gaping in die mark te vul met iets gelykstaande aan 'n 'Ultra City'.

Ten slotte noem Surene dat die manne amper permanent aan besigheidsidees dink, wat voordiehandliggend is wanneer mens in ag neem hoe vinnig die uitbreiding gebeur het. Leonard sê egter weer dat die enigste manier hoe hulle dit kon vermag, is dat mens moet kan bid sowel as spit, want as jy een van die twee afskeep, sal dinge nie uitwerk nie.

Met nog groter planne in die pyplyn vir die Strydom broers, sien Heilbron uit na dit wat volgende beplan word.




*Op die foto vl: Thabo en Leonard Strydom.*



# Engo Vrystaat maak resultate vir 2024/2025 jaar bekend




Engo Vrystaat het op 22 Augustus hulle Algemene Jaarvergadering by Summerwood in Bloemfontein gehou.

Tydens die geleentheid is die suksesse en stories van die afgelope jaar gedeel. Elke direkteur van die sewe subprogramme van Engo het hoogtepunte uit die Jaarverslag gedeel en personeel en vennote is bedank vir hulle bydrae tot die sukses van Engo gedurende die afgelope jaar.

Hier volg 'n opsomming van interessante feite wat die oggend gedeel is:

**Engo is:**

• 'n nie-winsgewende en nie-regeringswelsynsorganisasie wat in die Vrystaat werksaam is,

• die grootste liefdadigheidsorganisasie van sy soort in die Vrystaat en die tweede grootste in Suid-Afrika,

• doen ongelooflike werk in gemeenskappe oor alle rasse, kulture en ouderdomme heen,

• bereik jaarliks meer as 200 000 mense en

• bestaan uit 7 verskillende subprogramme

Die 7 subprogramme is:

• **Kinder- en Jeugsorg:** 869 kinders word in 33 Kinder- en Jeugsorgsentrums versorg. Elke Jeugsorgsentrum word bestuur deur 'n Beheerraad en is 'n onafhanklike NPO. Befondsing word verkry van Departement Maatskaplike Dienste, Kerke, Gemeenskappe en fondsinsamelingsprojekte. Gedurende die afgelope jaar is 160 nuwe kinders in Jeugsorgsentrums opgeneem en 172 kinders het Jeugsorgsentrums verlaat. Engo het 212 vakansiehuise, wat kinders tydens vakansies huisves. Daar is 78 kinders wat geen ouers het nie. 'n Totaal van 25 kinders het die afgelope jaar sport op provinsiale vlak verteenwoordig. Daar is ook 8 kinders op hulle skole se leerderrade verkies, waarvan een 'n hoofseun is. Ongeveer 800 vrywilligers is betrokke by Jeugsorgsentrums en lewer gratis dienste.

• **Gesinsorg:** Gesinsorg het 10 kantore in die Vrystaat wat 11 dorpe bedien. Daar is 26 maantskaplike werkers en 21 hulp maatskaplike werkers in diens.. Daar is die afgelope jaar 205 kinders verwyder uit slegte omstandighede en in veilige sorg geplaas. 'n Totaal van 89 458 mense is die afgelope jaar deur Gesinsorgdienste bereik.

• **Bejaardesorg:** 20 Bejaardesorgsentrums waar 2 887 bejaardes versorg word deur 745 personeel. Daar is tans 5 persone ouer as 100 wat in Engo se Bejaardesorgsentrums versorg word, waarvan die oudste 107 jaar oud is. Die meerderheid van Bejaardes in Engo Sentrums is tussen die ouderdom van 80 en 90 jaar oud. Bejaardesorgsentrums bestaan uit een- en tweeslaapkamerwoonstelle, verswaktesorg eenhede en twee demensie-eenhede.

• **Gestremdsorg:** Een Gestremde Dagsorgsentrum in Bethlehem waar ongeveer 12 Gestremde volwassenes versorg word. Hierdie program fokus op vaardigheidsontwikkeling van gestremdes om hulle te help om in die gemeenskap in te skakel. Daar is die afgelope jaar R80 000 ingesamel met verkope van produkte by 15 markte.

• **Aannemingsdienste:** Hanteer aannemings en herkomsnavrae wanneer kinders of ouers hul biologiese familie wil opspoor. Altesaam 25 aannemings en 33 herkomsnavrae is afgehandel. Daar is 666 navrae vir aannemings ontvang die afgelope jaar. Aannemings fokus op bewusmaking, berading, aannemingsdiens, werwing van geskikte aanneemouers en herkomsnavrae.

• **Hospitaalsorg:** Hierdie diens het vanjaar 5471 persone fisies in hospitale in Bloemfontein besoek en ondersteun. 11 144 mense is met digitale boodskappe bedien en 651 families is bereik. Hierdie diens fokus op geestelike ondersteuning, veral aan mense wat nie familie in Bloemfontein het nie.

• **Personeelwelstand:** 'n Program waar Engo welstandsprogramme vir 1 053 personeellede in diens van Engo in die Vrystaat aanbied. Die afgelope jaar is 4 werkswinkels vir personeel aangebied om te help met hulle algemene welstand.

Engo staan afhanklik van God en dankbaar vir al die seën en genade wat ons die afgelope jaar ontvang het. Alle eer aan God!

Vir meer inligting, kontak Engo by info@engo.co.za / 060 548 5543. Die volledige jaarverslag is beskikbaar op die Engo webblad by www.engo.co.za



*2026 Dagboeke nou beskikbaar by Heilbron Herald terwyl voorraad hou!*

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National

## Baie sterkte aan die Graad 12's van Hoërskool Heilbron met hul rekord eksamen



# Hoërskool Heilbron se jaarlikse skietkompetisie was weereens 'n groot sukses!

Baie dankie aan almal wat gehelp het om die dag moontlik te maak. 'n Groot dankie aan Smurf Claassen vir die gebruik en regmaak van die skietbaan waarsonder hierdie geleentheid nie moontlik sou wees nie. Dit word opreg waardeer!

Baie geluk aan die wenners van die verskillende kategorieë:

Laerskool: Tokkie Bouwer
Hoërskool: Carlie Rochat
PRS en long range: Danie Myburgh
Kleiduifskiet: Hennie Viviers



*Pierre Erasmus en Tokkie Bouwer.*



*Pierre Erasmus en Carlie Rochat.*



*Pierre Erasmus en Hennie Viviers.*







*Foto bo: Pierre Erasmus en Danie Myburgh.*
*Foto links: Van die personeel van Hoërskool Heilbron.*



# DA acts to ensure Heilbron's municipal vehicles keep running

• *Cllr Joseph Mbele- DA Councillor Ngwathe Municipality*

The Democratic Alliance (DA) in Heilbron wrote to the Municipal Manager (MM), F.P. Mothamaha of Ngwathe Local Municipality, to demand a complete explanation for the current fuel shortage that has left municipal vehicles unable to operate.

The DA will also request a detailed report on both immediate and long-term measures to prevent this crisis from recurring.


This fuel shortage is a direct result of the municipality's failure to pay service providers on time. As a consequence, residents are now at risk of delayed or suspended service delivery, which could have a severe impact on daily life in Heilbron. The DA will not allow the community to suffer because of administrative failures.

It is our duty, as DA councillors, to represent the interests of residents and hold the municipality accountable for every wrongdoing. A reliable fuel supply is crucial to ensure that municipal vehicles can deliver essential services without interruption.

Where the DA governs, we prioritise communities by ensuring service providers are paid timeously and that service delivery is never compromised. Residents of Heilbron deserve the same level of consistent and dependable governance.

The DA in Heilbron will continue to apply pressure until the municipality restores proper fuel supply and ensures uninterrupted service delivery for all residents.

## *In liefdevolle herinnering aan Jannie van Rooyen*



*Jannie van Rooyen, is in die ouderdom van 77 jaar oorlede en word vandag te ruste gelê, vanuit die NG Kerk Moedergemeente. Die diens is waargeneem deur Ds. Braam Van Zyl. Sy heengaan word betreur deur sy eggenote, kinders, kleinkinders, familie en vriende.*



# Interdorp met Sasolburg



*Op die foto vl: Annatjie du Plessis van Sasolburg Rolbalklub en Edward Muller van Heilbron Rolbalklub.*

Alles het saamgespeel met ons jaarlikse inter teen Sasolburg Bowling Klub. Die weer, baan, vriende en kos. Die Sasolburgers het die pad Heilbron toe aangedurf om hier te kom kompeteer. Na 'n dag vol pret, wrong bias, kort en lang balle het die span van Sasolburg weggestap met 'n naelskraapse oorwinning. As Heilbron nog 1 wedstryd kon wen sou Sasolburg met die kous oor die kop moes huis toe gaan. Nou ja almal weet van '" as "'. Interklub rolbal kompetisies is baie belangrik om die belangstelling in die sport lewendig te hou.



# Heilbron Posduif Klub

Op Saterdag 30 Augustus 2025 by die Willowmore Ope, het 6 lede van die Heilbron Posduif Klub met 64 duiwe per wedvlug deel geneem om weer sukses te behaal deur vanaf Willowmore tot in Heilbron te vlieg. Geen wind was aangemeld nie, maar weersomstandighede was swaar bewolk vir die dag.

Vir die eerste wedvlug is duiwe om 8:08 die oggend gelos, met die wenduif van OJS Hokke wat om 17:58 op Heilbron in klok. Met 'n wen marge van 18 minute 15 sekondes, is tweede plek deur Cilliers en Van Vuuren geneem.

Wedvlug 2 is die duiwe stiptelik om 08:56 gelos, waar die wenduif van Peet Van Zyl om 18:05 in klok. Tweede plek met 'n wen marge van 1 uur 45 minute, was ook deur Peet Van Zyl verower.

Die onderskeidelike afstande vir wenduif 1 van OJS Hokke was 789.433km en 789.324km vir wenduif 2 van Peet van Zyl.

Netto vliegtyd vir die duiwe in wedvlug 1 was 13 ure, 57 minute en 48 sekondes. Wedvlug 2 se netto vliegtyd was 12 ure, 28 minute en 35 sekondes.

**Top 10 uitslae vir wedvlug 1 is as volg:**

1. OJS Hokke
2. Cilliers en Van Vuuren
3. Cilliers en Van Vuuren
4. Zenith Lofts
5. Zenith Lofts
6. Cilliers en Van Vuuren
7. Cilliers en Van Buuren
8. Zenith Lofts
9. Cilliers en Van Vuuren
10. Zenith Lofts

**Top 10 uitslae vir wedvlug 2 is as volg:**

1. Peet Van Zyl
2. Peet Van Zyl
3. Cilliers en Van Vuuren
4. OJS Hokke
5. Zenith Lofts
6. Cilliers en Van Buuren
7. OJS Hokke
8. OJS Hokke
9. Zenith Lofts
10. Cilliers en Van Vuuren

RIEMLAND JAGTERSVERENIGING
2025 JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 13 SEPTEMBER, | 09:00 | JEUGSKIETDAG |
| 4 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 7 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 19 22




# Phitshana Shines during Cross Country

After competing on 30th August at the Free State championships in Sasolburg, the competing learners from Phitsana Primary School really showed up and showed their mettle in the cross country event.

Learners; Mofokeng Reanetse, Phakela Vuyo and Mthembu Nothando all competed in the 1000m to 5000m cross country run respectively, with Mabale Katleho obtaining 5th position and Phakela Thabiso bagging gold by taking first place.

After their impressive display in Sasolburg, Mabale and Phakela continue through to represent Heilbron and the North Free State region at Nationals in Mpumalanga, date still to be confirmed.

We wish them all the best.






*From left to right: Deputy Principal Me. Mkhwanazi, Trainer Mr. M.Z. Leemisa, Mr. M.S. Mkhwanazi, Me. M.L. Sejake, Me. Tladi and School Principal, Mr. W.T. Mokoena*

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald asook skryfbehoeftes en kommersiële drukwerk kontak gerus vir *Antonio Pienaar* by die **Heilbron Herald** **058 852 3033 of** **heraldnuus@heilbron.co.za**

# FOTOSTATE

| | Swart / Black | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| | **Volkleur / Colour** | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National

# TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

**Sonja Muller 081 849 1877**

Kontak ons vir enige skryfbehoefte-benodigdhede

*Elsstraat 42, Heilbron*
*Tel: 058 853 0006*

Herald Office National

# SMALLS

## BIBLIOTEEK OOP

*Piercestraat 66 • Heilbron*

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:

**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

*Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.*

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

YOU THINK IT - WE PRINT IT
YOUR ONE STOP BRANDING SPECIALIST




marketing@heilbron.co.za | 083 495 5512 Heilbron Herald




# Bedanking

Graag wil ons as Roos familie en Roos gesin die gemeenskap van Heilbron en omliggende dorpe bedank vir julle volgehoue ondersteuning en gebede tydens George se siekbed en afsterwe.
Dankie vir julle gebede, vriendskap, trooswoorde, besoeke en bemoediging.
Die wonderlikste plek om te wees is in iemand wat omgee se gedagtes, die veiligste plek- gebed. Die saligste plek in God se hande.
Vandag laat sak ek my hoof in dankbare eerbied, nog 'n week het Hy my deurgedra.
Dankie aan elkeen van julle.

**BESIGHEIDSURE**
Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30
Saterdae: 09:00 - 12:00
Elsstraat 42, Heilbron | Tel: 058 853 0006

POSTNET HEILBRON

DUPNO Trading

AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE

Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

## Jaarbeplanner 2025

**SEPTEMBER 2025**
• 17 Sept. - Huis- & Tuinbouklub

**OKTOBER 2025**
• 15 Okt. - Huis- & Tuinbouklub

**NOVEMBER 2025**
• 19 Nov. - Huis- & Tuinbouklub

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

# DELIVERY & COLLECTION

**between Heilbron and Vaal Triangle**
**Monday, Wednesday and Friday**

heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078




Between Meyerton and Heilbron @ R150 per parcel

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685**
**Heilbron**

Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die 12de Desember 2025 sluit en DV die 7de Januarie 2026 open. Die winkel sluit die 18de Desember 2025 en open die 5de Januarie 2026.

Bestel asb. vroegtydig u drukwerk en skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

Herald Office National

# HERALD Sport

WINKELURE
Maandae tot Donderdae:
07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
Herald Office National
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za

## Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag 30 Augustus het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Beaufort Wes gevlieg en die duiwe is om 07:00 gelos. Die wenduif is om 16:39 geklok op Reitz. Die afstand wat die wenduif gevlieg het was 764 kilometers. 7 Lede en 184 duiwe het deelgeneem.

1. Morgenzon Lofts A
2. Inkwe Loft
3. Inkwe Loft
4. Inkwe Loft
5. Inkwe Loft
6. Spartan Pigeons 1
7. Morgenzon Lofts A
8. Heine Hokke
9. Inkwe Loft
10. Inkwe Loft

Finale punte vir die jaar is as volg.

1. Spartan Pigeons 3 596
2. Spartan Pigeons 2 556
3. Morgenzon Lofts A 546
4. Heine Hokke 540
5. Morgenzon Lofts B 442
6. Spartan Pigeons 1 364
7. Wolmarans Hokke 211
8. Inkwe Loft 179

Baie geluk aan Spartan Pigeons 3 wat die Klub Kampioen is vir 2025.



*Op die foto is Nollie Swart van Morgenzon Hokke A met die wenduif 3755.*

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491
Waar sake elke keer die eerste keer reg gedoen word!



BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 8 SEPTEMBER 2025
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG - 9 SEPTEMBER 2025
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
ARLINGTON 2-Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
HERTZOGVILLE: MALHERBE & WATERPAS SAVM STOETERYE
11:00, Skougronde
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
VOLKSRUST: HoËVELD MERINO VELDRAM KLUB
11:00, Battlefields Lodge
Kontak Boetjan vd Wath 072 626 9242
WOENSDAG - 10 SEPTEMBER 2025
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
VREDE Vetvee jaarlikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9189
DAVEL: MPUMALANGA GAUTENG BEEFMASTER CLUB
11:00, The Bull Ring
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038
KROONSTAD: HARTMAN, VAN NIEKERK EN GRIESEL SAVM
11:00, The Barn Guest House
Kontak Piet Wessels 082 857 7827
DONDERDAG - 11 SEPTEMBER 2025
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
REITZ DISTRIK: DE KOPPEN VLEIS-MERINO
11:00, plaas Rietkuil
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
VRYDAG - 12 SEPTEMBER 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
FRANKFORT: PREISS & KOCK MERINO
11:00, Gholfklub
Kontak Danie de Wet 082 772 4537

WINKEL-URE
Maandae tot Donderdae:
07:30 - 17:00
Vrydae:
07:30 - 16:30
Saterdae:
08:30 - 13:00
Herald Office National
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

VOLGENDE HEILBRON VEILING:
29 SEPTEMBER 2025
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS
VIR U KRAAL BESPREKING